Beste Ouers,

Boelie en boeliepraktyke in skole en werksplekke is ‘n realiteit internasionaal en in Suid-Afrika. Dit is vir die bestuur sowel as die beheerliggaam by Laerskool Mooirivier belangrik dat die skool vir elke Tokkie ‘n plek moet wees waar hy/sy fisies en emosioneel kan veilig wees en moet kan floreer. Met hierdie in gedagte het ons in 2016 begin met Laerskool Mooirivier se Boelieprojek.

Die Projek het begin met ‘n opname om te bepaal wat die Tokkies se ervaringe van en persepsies oor boelie en die bestuur daarvan in Laerskool Mooirivier is. Op grond van die terugvoer is daar ‘n Laerskool Mooirivier Boeliebeleid (beskikbaar op die webblad) opgestel en ook ‘n Boeliekomitee vir die bestuur van die proses saamgestel.

Hierdie inligtingstuk dien as herinnering aan ouers sowel as kinders oor die prosesse en prosedures wat in plek is om te help om Laerskool Mooirvier ‘n veilige hawe vir al ons kinders te maak. Dit is vir ons belangrik dat ouers en kinders asseblief die vrymoedigheid moet neem om van die daargestelde strukture gebruik te maak om ons te help om pro-aktief boelie in Laerskool Mooirivier te bestuur.

Die Boeliekomitee kom kwartaaliks bymekaar en bestaan uit die volgende lede

Mnr Jakkie van Vuuren: Skoolhoof

Me Heleen Coetzee: Beheerliggaam Ouerskakeling

Mnr Jan van Ravenswaay: Beheerliggaam Beplanning en Strategie

Me Elize Janse van Rensburg: Lewensoriëntering: Inter-Sen

Me Chrizel Jordaan: Lewensoriëntering: Grondslagfase

Me Danie Breed: Departementshoof Intersenfase

Mnr Jackie Golden : Vakhoof Lewensoriëntering

Die Boeliekomitee het ‘n twee fase plan saamgestel vir die pro-aktiewe bestuur van boelie in Laerskool Mooirivier. Tans is ons besig met die implementering van fase twee**:”Daarstel van ‘n anti-boelie kultuur”** wat die volgende behels:

- Die SOS-komitee: Dit is ‘n komitee wat kwartaalliks saam met elke onderwyser vergader en pro-aktief kinders wat ekstra ondersteuning (emosioneel of in die leer omgewing) nodig het identifiseer. Hierdie platform word ook deur die Boeliekomitee gebruik om pro-aktief moontlike boelies en boelie-slagoffers te identifiseer.

- Die implementeer van die Bok-stelsel (Erkenning stelsel): Die stelsel het dit ten doel om die leerders as ‘n klasgoep erkenning te gee vir goeie gedrag (Bv Toetse geteken, ordelik loop in rye, goeie maniere in klas). Die onderliggende beginsel fokus daarop om ‘n groepsgevoel van ons help mekaar en ondersteun mekaar daar te stel sodat ons as klas punte kan kry. Elke klas kompeteer teen homself en kry verskillende belonings as hulle sekere doelwitte en prestasies behaal.

- Omstander bewustheid en betrokkenheid: Die klem val nou wyer as die boelie en die boelie-slagoffer en fokus op die omstanders wat sien wat gebeur. Die klem is daarop om alle leerders bewus te maak van hulle verantwoordelikheid mbt die aanmelding van boelie-insidente (Fisies en emosioneel). Alle leerders vanaf Gaad 4

en ouer het hierdie Anti-Boelie-kontrak in hulle Lewensoriënteringsboeke onderteken.

STOP ‘ N BOELIE

Laerskool Mooirivier

LO/LV

ANTI-BOELIE KONTRAK

Naam_____ Klas_____

Geen Boelie Bystanders

Ek belowe:

1. Om enige gerug wat seermaak te stop binne en buite skoolverband.
2. Om dadelik enige vorm van boelie aan te meld.
3. Om nie ‘n boelie te help met sy/haar verkeerde dade nie.

Goue reëls:

1. Respek vir ander.
2. Respek vir ander se besittings.
3. Om ander te behandel soos jy wil behandel word.

Ek belowe om ‘n aktiewe deelnemer van anti-boelie in ons skool te wees.

Geteken _____

Tokkies- “ Waar elke hartjie ‘n heel hartjie is”

Baie dankie byvoorbaat vir u ondersteuning met hierdie projek. Help ons asb. om ons kinders te leer om mekaar met respek en empatie te behandel. Maak asb. gebruik van die daargestelde prosesse en prosedures om insidente aan te meld. Help ons om Laerskool Moorivier ‘n veilige hawe vir alle Tokkies te maak.